

In verband met die landswye inter-universitêre rugbykompetisie het die Stellenbosse Rugbyklub verklaar dat hy, gesien die omstandighede waaronder dit gereël word, nie kans sien om daaraan deel te neem nie. In die lig van die reaksie wat hierop gevolg het, lyk dit my noodsaaklik dat daar, namens die Universiteit van Stellenbosch, 'n opheldering gegee word.

Dit is seer seker nie die geval dat die Universiteit die studente nie maar 'n bietjie pret en plesier gun nie; intendeel, dit is die verklaarde standpunt van die Universiteit dat gesonde sport 'n noodsaaklike hulpmiddel vir suksesvolle studie en karaktervorming is. Vandaar dat die Universiteit groot koste aangegaan het, en nog steeds aangaan, om behoorlike sportfasiliteite vir sy studente te voorsien.

Maar die Universiteit is hom terselfdertyd terdeë bewus van die noodsaaklikheid dat voortdurend gewaak word dat daar nie, tot nadeel van studente se studies, teveel tyd aan sport bestee word nie. Dit is om hierdie rede dat die Universiteit van Stellenbosch nie aan die landswye rugbykompetisie deel het nie.

Hiermee neem die Universiteit geen nuwe of veranderde standpunt in nie. Hy het reeds lank gelede aan die inter-universitêre beheerliggame in verband met bv. swem-, krieket- en bofbaltoernooie meegedeel dat ons studente nie aan sulke toernooie sal kan deelneem as dit in die akademiese jaar plaasvind nie - en, terloops gesê, ons is dankbaar dat die toernooie nou in die vakansies gereël word.

Die Universiteit kon, in verband met die Dalrymple-byeenkoms van 1964, tot sy spyt ook nie aan sy studente verlof gee om daaraan deel te neem nie, omdat dit in die Universiteitskwartaal geval het. Ons moes eweneens aan jukskeispelers, om dieselfde rede, ^{verlof}weier. Selfs hier in die Westelike Provinsie neem ons studente nie aan die gereëlde wedstryde in die liga's van bv. stoei, waterpolo, pluimbal, manskorfbal en tafeltennis deel nie, omdat hierdie sportsoorte hulle wedstryde om bepaalde redes nie in naweke kan afhandel nie. Nog vanjaar het ons aan die Atletiekfederasie van die Suid-Afrikaanse Universiteite laat

weet dat ons nie aan die Dalrymple-byeenkoms sal kan deelneem as dit in die Universiteitskwartaal val nie, en reëlins is gelukkig toe ook getref sodat dit in die vakansie kon plaasvind.

Hoe kan ons dan nou vir één bepaalde sportsoort, nl. rugby, 'n uitsondering maak? - Al is dit ook dié sportsoort waarvan ons die meeste hou, en waarmee ons op inter-universitêre vlak waarskynlik ook goed sou kon presteer.

Dit gaan nie net daarom dat, soos iemand snedig opgemerk het, die studente „'n paar klassies" sal misloop nie. Dit gaan daarom dat - naas klasse - ook eksamens, navorsingswerk, biblioteekwerk, beplande praktiese werk, en gaandeweg die Universiteit se akademiese dissipline, in die gedrang kom. Die akademiese jaar is reeds só kort dat ons onmoontlik, ter wille van sport, vir groepe studente nog dae verlore kan laat gaan. Persoonlik ontvang ek van tal van ouers briewe waarin hulle pleit dat, met die oog op ernstige studie, studente se aandag so min as moontlik van hulle werk afgetrek moet word; en baie studente voel inderdaad self ook só.

In hierdie lig sien Stellenbosch die saak. Dit kan miskien gesê word dat, as ander die wedstryde kan reël, ons dieselfde kon gedoen het. Laat ons egter maar liever aanvaar dat daar in sulke sake verskil van opvatting kan wees. Wat Stellenbosch betref, het ek aangetoon wat die redes vir ons standpunt is.

Maar ek haas my om by te voeg: Reël die inter-universitêre rugbykompetisie op so 'n wyse dat universiteitswerk nie daaronder ly nie, en ons sal die eerstes wees om te oorweeg om deel te neem.

H. B. Thom.

(REKTOR, U. S.)

Stellenbosch,
9 Mei 1966.